STERRETJIE

6 NOVEMBER 2009 **JAARTAL 9 NO 20**

Dagsê

En so het die jaar amper tot 'n einde gekom. Die Blou Bulle is Currie Beker kampioene. Hulle is seker nou nog bewerig, want daardie Blikore het hulle behoorlik skrik gemaak. Seker een die droomseisoene wat enige span kon hê, dis wat die Bulle ervaar het. Ons skool se o/19-krieketspan het darem self 'n gawe seisoen agter die rug. Lees meer hieroor later in Sterretjie. Die Proteas moet ook nou uit hul winterslaap wakker word, want die klomp Bleeksiele van koningin Elizabeth se land is hier. Hoop ons blommetjies stuur hulle met 'n hengse pak slae terug. Hierdie is seker een van die laaste Sterretjies van hierdie jaar. Baie sterkte aan die leerders wat in die komende week met die finale eksamen begin. Slaan hand aan die ploeg, dan sal jy die vrugte daarvan pluk. Geniet die laaste los naweek en kom vol moed en spoed terug. Meneer Fourie is terug hier by ons, ons hoop die gesondheid is nou tip top. Dis lekker om meneer weer hier rond te sien beweeg.

Sannieshof en Volkies sneuwel teen ons span

Spelers van die wedstryd teen Sannieshof: Gerrit en Conrad Mentz

Verlede Vrydag het die o/19-span Vryburg toe gery om daar, vir die derde keer die jaar, met Sannieshof te gaan kragte meet.
Sannieshof het met 'n groot geraas daar aangekom. Hulle kolf eerste en ons beperk hulle tot 171 lopies vir 4 paaltjies. Die boulers wat sukses behaal het is : Jandrè de Wet met 1 vir 26 in 6, Gerrit Mentz kry 1 vir 37 in 6, Tiaan kry 1 vir 18 in 3 en SJ Fourie neem 1 vir 27 in 3 beurte.

Toe ons gaan kolf, was ons beslis baie vasberade om die vorige twee neerlae teen Sannieshof te wreek. Al die kolwers dra mooi by en in die 28ste beurt steek ons hulle totaal verby. Jandrè de Wet teken 11 lopies aan, Conrad Mentz kry 49, Gerrit Mentz het 42 nun, Rudi Nel kry 18, Tiaan Nel teken 10 aan en Janna van der Linde het 15 nun aangeteken.
Stella wen die wedstryd met 5 paaltjies.

Speler van die wedstryd is die neefs Mentz, Gerrit en Conrad.

Saterdagoggend vroeg het ons vertrek na Potchefstroom om Volkies te gaan pak. Die lug was bewolk, die baanblad effens nat, en gelukkig het ons die loot gewen en Volkies ingestuur om te gaan kolf. Ons beperk Volkies tot 179 lopies in hul 30 beurte. Rudi Nel neem 2 vir 34 in 6, Tiaan Nel neem 2 vir 34 in 4, Gerrit Mentz neem 1 vir 22 in 6 en SJ Fourie kry 1 paaltjie vir 19 lopies in 3 beurte.

Ons kolwers het baie mooi gekolf en binne 23 beurte hierdie teiken afgekolf. Gerrit Mentz teken 22 lopies aan, Rudi Nel kry 65, Jandrè de Wet kry 60, Conrad Mentz en Tiaan Nel kry elk 5 lopies en Lardus van Zyl slaan 10 lopies.

Ons wen die wedstryd met 5 paaltjies.
Dit beteken dat ons in die finaal teen Orkney moet speel.

Speler van die wedstryd is Rudi Nel.

Speler van die wedstryd teen Volkies: Rudi Nel

Noordwes-Kampioene

Noordwes 0/19-Tweedeliga Krieketkampioene
Voor vlnr: Gerrit Mentz, Rudi Nel, Jandré de Wet (Kaptein) en Hardus Joubert.
Agter vlnr: S.J. Fourie, Janna van der Linde, Noppie Jacobs, Matthian Joubert, Kobus Moolman (Afrigter), Conrad Mentz, Tiaan Nel, Lardus van Zyl en Hendré van Zyl

Die afgelope Woensdag was sommer 'n baie groot dag in die skool se annale. Ons o/19 krieketspan het vir die tweede agtereenvolgende jaar die titel as tweede liga kampioene gebuit. Wat die oorwinning nog soeter gemaak het, is die feit dat ons teen Orkney se eerste span gespeel het, hoewel ons in die tweede liga deelneem. Terwyl die weer gedreig het, Orkney laat gekom het en almal se senuwees maar half klaar was, het onse manne kop gehou en voortgegaan met hul taak. Dit was 'n pragtige, afgeronde vertoning deur ons span. Van die eerste kolwer tot die laaste man wat gaan lat swaai het, het almal hul kant gebring. Ons boulers moes baie vinnig deur hul beurte gaan, want die wolke het al hoe dreigender geword, en ons wou die wedstryd klaar maak. Die veldwerk was van hoogstaande gehalte. Noppie Jacobs het twee ongelooflike vangkanse benut, Rudi Nel, Janna van der Linde en Jandrè de Wet het ook elk 'n baie mooi vangkans benut, en soos die grootmense beduie : Catches win matches". Die ou grotes in die span,het rondgeduik agter die bal aan. Dit was voorwaar 'n plesier om na die wedstryd te kyk. Ons kolf eerste en teken 222 lopies in ons 30 beurte aan. Jandrè de Wet teken 57 lopies van 34 balle aan, Tiaan Nel gebruik net 35 balle om sy 43 lopies aan te teken en Noppie Jacobs slaan 24 lopies van 16 balle. Met die bal in die hand het ons net so goed gevaar. Ons boul Orkney in die 22ste beurt uit vir 143 lopies. Noppie Jacobs neem 2 vir 29 in 6 beurte, Gerrit Mentz neem 3 vir 43 in 6, SJ Fourie laat 3 paaltjies kantel vir 24 lopies in 5 beurte en Jandrè de Wet neem 2 vir 30 in 4 beurte. Stella wen die wedstryd met 79 lopies. .
Die speler van die wedstryd is Noppie Jacobs vir sy 24 lopies, 2 paaltjies en 2 ongelooflike vangkanse wat hy benut het.

Gortopaan moet nou bieg, daar was taamlik trane in die oë na die wedstryd. Groot manne, en hul vaders, het so skelmpies die trane weggevee, maar dis niks om oor. skaam te wees nie. Van die spelers speel al 12 jaar saam, dus was die finaal 'n hoogtepunt vir baie spelers en ook die einde van 'n tydperk in hul lewens. Baie dankie aan Oom Kobus Moolman, wat 'n baie lang pad saam met die span gekom het. Dankie vir al die opoffering, die span en die skool waardeer dit regtig baie. Baie geluk aan die spelers. Julle het hard gewerk en verdien die oorwinning. Julle maak ons sommer baie trots.

Tennissterre in wording

Verlede Saterdag het 3 van ons leerders in Klerksdorp aan die Noordwes proewe gaan deelneem. Na afloop van die proewe in hul as volg geplaas. Susanne Bekker is 8ste, Ruan Wiid 9de en Pieter Wiid 13de in hul onderskeie ouderdomsgroepe in Noordwes. Baie geluk julle 3. Dis sommer 'n bul prestasie.

Pieter Wiid, Susanne Bekker en Ruan Wiid staan sterk in NW-tennis!

Grondslagfase vier fees

Die son skyn, dis lekker warm, en dit beteken dat dit net die regte tyd is om afsluitings te hou. Die Bulletjie rugby, Poplap netbal en mini-hokkie bokkies het hul afsluiting gedurende die week by die swembad gehad. Daar is geswem, geëet en gespeel dat die rook draai. Baie dankie aan al die afrigters en borge wat al die byeenkomste en wedstryde moontlik gemaak het.

Atletiek kamp : 3 – 9 Januarie 2010

20 Atlete, waarvan 14 seuns en 6 dogters, sal vanaf 3 – 9 Januarie 2010 in atletiekontwikkelingskamp in Potchefstroom bywoon.
As gevolg van die groot aantal top internasionale atlete wat gedurende dieselfde tydperk daar is, is verblyf en oefengeriewe die grootste struikelblokke.
Ten opsigte van verblyf sal ons nou by die Astro-villas of die Road Lodge tuisgaan. Ons sal twee etes per dag teen spesiale tarief by die Wiesenhof restaurant by die HP-sentrum kan geniet.
Te danke aan die gasvryheid van Arnold van der Merwe van Hoërskool Gimnasium sal al hul oefengeriewe aan ons beskikbaar wees. Ons sal ook met tye van die gimnasium in die hoë prestasiesentrum aan die universiteit gebruik kan maak.
Ten opsigte van die afrigting sal die volgende afrigters sessies aanbied: Tersius Liebenberg (afrigter van verskeie wêreldkampioene) – worpe; Abri de Swart (afrigter van verskeie nasionale wenners) - hoogspring; Owen van Niekerk en Tommie Ferreira (afrigter verskeie nasionale en wêreldkampioene) - naellope, hekkies en spronge; Jean de Villiers (biokinetikus en Suid-Afrikaanse rekordhouer in 1500m en 3000m) – soepelheid en middelafstande. Die dame wat die gewigstoot sal hanteer is die PUK se amptelike gewigstoot-afrigter. Casper Labuschagne (nasionale afsitter) sal die atlete touwys maak oor toevoegings tot die nasionale atletiekreëls. Tersius sal ook ‘n sessie aanbied om alle atlete te wys hoe om korrek kragontwikkeling te doen.
Ons sal die finale bedrag vir die oefenkamp volgende week bekend maak. Tans beloop die kampgeld steeds R1600,00 per atleet. Maryna Bester werk met die ondersteuning van ouers baie hard daaraan om geld in te samel om die kampgeld meer billik te maak. Gee asseblief u volkome ondersteuning indien sy u skakel.
Laat weet my asseblief indien u kind, wat vroeër vanjaar aangedui het dat hy/sy kamp toe gaan, nie meer kan gaan nie. Indien daar nuwe toevoegings is, laat weet asseblief ook. Daar kan tans slegs 20 atlete die kamp meemaak.
Ons benodig steeds twee kampouers. Laat weet asseblief indien u kan help.

U kan mnr Alby Nel, die Kamporganiseerder by die volgende nommer skakel :0823399721 of u kan ‘n boodskap by die skool se sekretaresse laat by telefoonnommer : 0539830021

Estrellita se ouers werk hard.

Gedurende die jaar het die koshuistannies, Tia Bezuidenhout en Wilma van Heerden, saam met Liezel Wiid en ander ouers, hard gewerk om geld in te samel om kombuistoerusting aan te koop. Daar is jaffels, braaibroodjies en kerrie en rys en ander lekker eetgoed verkoop om geldjies bymekaar te maak. Al die geswoeg was nie verniet nie. Die koshuis het ‘n Kenwood voedselverwerker, groot Braaipan, Deep Fryer en Russel Hobbs vleis-en broodsnyer gekoop. Al hierdie toerusting maak die werk in die kombuis makliker. Baie dankie aan Liezel Wiid wat voorgevat het en al die ouers wat skenking gemaak het. Ons waardeer dit regtig baie. Dankie vir al julle harder werk.

Fotoblad

Alle gesinne wie se skoolfonds rekeninge ten volle betaal is, sal 'n gratis fotoblad ontvang. Addisionele fotoblaaie kan teen R80 per kopie gekoop word. Vul asseblief die strokie in en stuur dit, met die geld, teen Maandag 16 November 09 terug.

Volgende Woensdag begin die eksamen vir Graad 10 en 11 en voor die ander grade hulle oë uitvee, is hulle ook aan die skryf. Hard werk, dis nou nie meer lank nie, dan kan julle lekker rus.

Langenhoven reken: Die wêreld die draai: Vir die swaar wintertyd om ons lande te saai – of om luilekkerlewend die ploeg te laat roes, en daarna ons vrugte of onkruid te oes.

Mooi loop.

Gortopaan